# Prosesvloei: Heraanstelling van 'n Uitvoerende Bedryfshoof (UBH)

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## RAAD

Prosesbestuur: Registrateurskantoor (as die sekretariaat van die Raad), in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

Die Rektor moet die posbekleër twaalf (12) maande voordat die huidige termyn verstryk, nader om te vra of hulle 'n verdere termyn wil dien.

Indien die huidige posbekleër wel 'n verdere termyn wil dien, moet hulle die onderstaande dokumentasie aan die Rektor voorlê:

1. 'n Verslag oor hulle werksprestasie tydens hul huidige termyn.
2. Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.
3. 'n Visiestelling vir 'n moontlike verdere termyn.
4. 'n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

Die Rektor moet die dokumentasie aan die Voorsitter van die Raad (as voorsitter van die SAK) voorlê.

Indien die posbekleër, met inagneming van die stemming in die Senaat en die IF, 'n absolute meerderheid (50% + 1) van stemme verwerf onder die Raadslede wat teenwoordig en stemgeregtig is, word die posbekleër aangestel vir 'n verdere termyn soos deur die Raad bepaal.

## INSTITUSIONELE FORUM (IF) & SENAAT

Die Raadsvoorsitter (of gedelegeerde) moet die onderstaande dokumentasie aan die Senaat en die IF voorlê om oor die heraanstelling van die posbekleër te stem:

1. 'n Verslag oor die UBH se werksprestasie tydens hul huidige termyn.
2. Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.
3. Die UBH se visiestelling vir 'n moontlike verdere termyn.
4. 'n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

Die uitslag van die stemming word aan die Raad voorgelê.